# DIE VRAEKOMPLEKS RONDOM ARTIKEL III VAN DIE KERKWET *

## 1. Inleiding:

Jesus Christus self het sy Kerk onder opdrag geplaas om met die evangelei uit te gaan na alle mense toe. Die Kerk is God se sendeling in die wêreld. Uit Mat. 28:19 word duidelik dat die Kerk as geheel gestuur is. Jesus Christus het nie net sommige van sy dissipels gestuur om die heil wat hulle ontvang het, te verkondig nie, maar sy ganse dissipelkring. So is die Kerk as geheel verantwoordelik gestel vir die evangeliebediening aan hulle wat nie weet nie. As die Kerk, Kerk wil wees, dan moet die Kerk sondermeer hierdie opdrag gehoorsaam .

Dog die Kerk as Gods sendeling in die wêreld het self ook 'n sendende taak. In Hand. 13 : 1 - 4 word dit vir ons duidelik gemaak: Die gemeente moet onder opdrag van die Heilige Gees Paulus en Barnabas deur handoplegging orden vir hulle arbeid onder die wat daar ver is. Met daardie handeling en opdrag was die verantwoordelikheid van die gemeente egter nie afgedaan nie. Almal kan nie uitgaan na ver en vreemde lande nie. Dit beteken egter nie dat die taak van die gemeente ophou sodra sendelinge uitgestuur is na die vreemde nie. Die gemeente wat omring was van heidene, het na die vertrek van Paulus en Barnabas nog gekonfronteer gestaan met die taak om in die onmiddelike omgewing voort te gaan om dissipels te maak.

En solank daar nog heidendom in die wêreld is, bly die Kerk Gods sendeling in die wêreld met die taak om sendelinge uit te stuur in die wêreld. En hierdie sendingwerk sal altyd 'n dubbele voorkoms hê : Enersyds sal dit steeds die gemeente moet wees wat in sy onmiddellike omgewing die getuie van Jesus Christus is. Hierdie werkwyse kan die horisontale genoem word. Daarmee word bedoel dat die lidmate in hulle eie omgewing d.w.s. onder hulle bure en vriende en volksgenote die taak tot verbreiding van die evangelie behartig. In praktyk beteken dit 'n horisontale uitbreiding van die grense van die bestaande gemeente om alle nuwe „bekeerlinge" in te sluit by die bestaande kerklike organisasie.

---

* Hierdie artikel is 'n gedeeltelike samevatting van 'n siklus van lesings wat gedurende 1962 in eie kring gehou is deur lede van die Pretoriase Predikante-Broederkring. Aan hierdie siklus van lesings het saamgewerk proffe. E. S. Mulder, B. J. Engelbrecht, A. D. Pont, F. J. van Zyl, S. P. J. J. van Rensburg, P. S. Dreyer, Dr. J. I. de Wet, ds. A. J. G. Oosthuizen, ds. P. M. Smith, ds. M. J. Naudé, ds. J. J. Smit, ds. H R. Visser, ds. J. P. Oberholzer, ds. W. F. Huyzers ds. P. A. R. C. van Wyk, ds. W. J. Roos, ds. S. J. Prins, ds. J. J. Engelbrecht, ds. A. J. van Staden, ds. C. J. Mans. Die samevatting van die lesings en die redaksionele werk in verband met hierdie artikel is waargeneem deur Dr. J. I. de Wet en prof. A. D. Pont.

Andersyds sal daar ook steeds die sending na verre en vreemde lande wees, omdat die Kerk die taak het om sendend die Evangelie die wêreld in te stuur. Hierdie werkswyse kan genoem word die vertikale werkswyse omdat die Evangelie van buite af ingedra word in die heidense omgewing in waar daar nog geen bestaande kerklike organisasie is nie.

a. Aanvanklik was die sendingobjek vir die sendende kerk in Europa altyd in die vreemde „ donker " wêrelddele. Die sending is gevolglik sprongsgewyse onderneem. Daar het altyd 'n groot afstand tussen die sendende kerk en die sendingkerk gelê. Hierdie verwyderheid het tot gevolg gehad dat daar oral christelike groepe gevorm is, wat niks anders as appendices was wat aan die sendende kerk gehang het nie.

Gedurende die eerste helfte van die huidige eeu is die hele wêreld geskok deur twee vernietigende wêreldoorloë kort na mekaar. Sedert die tweede wêreldoorlog leef die hele wêreld onder die konstante vrees vir 'n derde en meer vernietigende wêreldoorlog. Gedryf deur hierdie vrees is daar naastiglik gesoek na die verwydering van alle wrywingsvlakke, skeidingmakende faktore en verdeeldhede. In hierdie soek na beveiliging deur die verwydering van skaaf- en haakplekke het die gebrokenheid van die aardse gestalte van die kerk soos dit gemanifesteer word in die afsonderlik-selfstandig georganiseerde „Kerk", aanstootlik geword en is die eenheid van die Kerk „herontdek". In die plek van die gebrokenheid van die kerk word nou gestel die eenheid van die kerk as 'n sigbaar gerealiseerde eenheid.

Hierdie eenheidsopvatting berus op 'n verkeerde eensydige oorbeklemtoning van die eskatologiese aspek van die ekklesiologie. Met hierdie oorbeklemtoning het ons duidelik te doen met 'n teologiese kortsluiting wat teweeggebring is deur 'n renlynige identifisering van die kerk met die koninkryk van God. [1]).

Middelerwyl het die ontkerstening van Europa hand oor hand toegeneem. So het daar in Europa die situasie ontwikkel dat die sendingsobjek vir die sendende kerk baie naby gekom het. Die sending het vir die kerk in Europa 'n dringende noodsaaklikheid geword in sy onmiddellike omgewing. Dog in hierdie geval is dit anders as wat vroeër die geval was. Vroeër is die sendingwerk nie net in ander lande onderneem nie maar bowendien meestal ook onder die barbare en half-barbare verrig. Nou het die situasie ontstaan dat sending gedoen is en word onder die eie volksgenote met 'n gelyke beskawingspeil en afkomstig uit presies dieselfde kultuurhistoriese milieu. Meestal is die mense wat ge-evangeliseer moet

---

1) Dat die kerk na sy aardse gestalte nie reglynig met die Koninkryk identifiseerbaar is nie, spreek duidelik uit die Nederlandse Geloofsbelydenis, Art. 29 se opmerking oor die hipokriete wat onherkenbaar in die kerk is.

word, die nageslag van mense wat self nog aan die Kerk behoort het.

Sending onder hierdie mense is net eenvoudig 'n horisontale verskuiwing van die grense van die Kerk om almal in te sluit. Onder Europese omstandighede, en trouens ook in elke land waar „inwendige" sending gedoen word, is dit 'n legitieme werkwyse in die sending. Maar nou is hierdie sendingmetode, omdat dit in Europa perfek pas en waterdig aansluit by die heersende, populêre opvatting oor die eenheid van die kerk, soos hierbo uiteengesit, verhef tot die enigste metode wat onder alle omstandighede gebillik en toelaatbaar is. Sodanig is hierdie werkwyse verabsoluteer deur die aanhangers daarvan, dat wanneer die ander werkswyse by die heidensending gevolg word, dit sondermeer veroordeel word as rassistiese diskriminasie en as 'n bedreiging vir die vrede en as 'n goddelose skending van die eenheid van die kerk .

b. Tog soos ons hierbo aangetoon het, is daar ook nog 'n ander legitieme werkwyse. Hierdie ander werkswyse geld veral ten opsigte van die heidensending. Met heidensending word hier, in onderskeiding van die sg. ,,inwendige" sending, die sending waarby daar tussen die sendende kerk en die sendingsobjek eintlik niks gelyk [2]) is nie, bedoel. Die ongelykheid bestaan uit die feit dat die sendingobjek 'n ander taal praat, uit 'n ander kultuurkring kom, 'n totaal ander geskiedenis het en 'n ongeskoolde of hoogstens halfgeskoolde wese is. Met ander woorde, die feitelike agtergrond waaruit die sendende kerk kom en spreek is heeltemaal anders as dié waarin die sendingobjek hom bevind [3]).

Met hierdie „ongelykheid" moet daar rekening gehou word veral as die kerk gesien word as die Evangelie soos hy tuisgekom het onder die mense in die situasie waarin hulle hulle bevind.

Wanneer daar met hierdie feit rekening gehou word, dan is dit duidelik dat die nuwe nooit dieselfde is as die oue nie. Wat die prinsipiële sake betref, kan daar uiteraard nie verskille wees nie, maar na die verskyningsvorm sal daar noodwendigerwyse verskille wees, omdat die sendingkerk die Evangelie is wat onder ander mense en onder ander omstandighede ingegaan het. Die Evangelie moet in elk geval vrygelaat word om op elke plek en tyd binne die heersende omstandighede die vorme waarin hy wil lewe, te vind. Ook moet die sendingkerk vrygelaat word om na gelang van die aard en omstandighede, gehoorsaam te wees aan die Evangelie d.w.s. kerk te wees in sy eie lewensituasie.

Hierdie werkswyse loop noodwendigerwyse uit op die stigting van volkskerke onder die verskillende bevolkingsgroepe en werk in die rigting van die inheemswording van die kerk onder elke nasie aan wie die

---

[2]) **Gelyk is hier nie as 'n waarde-aanduiding bedoel nie, maar bloot as aanduiding van 'n feitelike situasie.**

[3]) **Hieroor word onder punt 3 verder gehandel.**

Evangelie verkondig is. By hierdie werkwyse word die sendingkerk uiteindelik 'n selfstandige, selfonderhoudende grootheid langs die sendende Kerk. Hierdie werkwyse verskil van die eersgenoemde in hierdie opsig: Die sending is by hierdie opvatting nie 'n saak van horisontale grensverskuiwing waardeur nuwe bekeerlinge sonder inagneming van taal- en kultuurverskille eenvoudig ingelyf word by die bestaande kerklike organisasie nie. Hierdie werkwyse loop dus anders as die eersgenoemde daarop uit dat daar 'n verskeidenheid van kerklike organisasie sal bestaan. Van 'n organiese eenheid is hier geen sprake nie — ook nie van diskriminisie nie.

c. Albei hierdie sendingopvattings is in lyn met die Bybelse getuienis, in die Ned. Herv. Kerk van Afrika bekend en in praktyk beoefen. Hoofstuk IV art. 3 [4]) van die bepalings van die Kerkwet van die Ned. Herv. Kerk, lê die riglyne neer vir die inwendige sending van die Kerk. Dog hier moet opgemerk word, dat hierdie sendingaksie wat 'n blote horisontale grensverskuiwing is, sodat die nuwe bekeerlinge uit die geledere van die eie volk opgeneem kan word, word nie veranker in die eenheidsopvatting van die na-oorlogse Europa nie.

Die Ned. Herv. Kerk het vir sy heidensending egter vir die tweede moontlikheid gekies. Art III van die Kerkwet lê die breë riglyne vir hierdie sendingaksie neer.

Terwyl albei hierdie sendingopvattings in die Ned. Hervormde werksaam is, kom die vraag onvermydelik na vore: Op watter gronde het die Kerk die tweede weg gekies as die aanneemlikste weg vir die heidensending? Hierdie vraag verdien ons aandag, omdat niemand beswaar het daarteen dat die horisontale werkswyse by die „inwendige" sending gebruik word nie, maar baie besware ingebring word teen die vertikale werkswyse by die heidensending.

## 2. DIE KERK SOOS DIT IS EN VERSTAAN MOET WORD.

Om die uitbreiding van die Kerk deur middel van Sending reg te verstaan, sal dit nodig wees om ons begrip van die kerk suiwer te hê en terselfdertyd sal dit ons daarvan weerhou om nie allerlei onjuiste gevolgtrekkinge te maak oor die opdrag en dienswerk van die kerk en aan die wêreld nie.

**Ekklesia** in die Nuwe Testament is 'n volkome christelike woord wat in sy spesifieke-christelike betekenis nie in die profane Grieks voorkom nie. Etymoloies beteken dit : iets wat geroep of uitgeroep is. Merkwaardig is dat nog die werkwoord **ekkalein** nog **ekklêtos** in die Nuwe Testament voor-

[4]) Vgl. ook Hfst. XV, art. 3 en Hfst. XVI, art. 3.

kom. In die Septuagint is **ekklesia** die vertaling vir die hebreeuse **qahal**. In die grieks-joodse gebruik van **ekklesia** kan daar egter duidelik 'n dubbele betekenis-inhoud onderskei word. Eerstens wanneer dit onder die invloed van die algemene-grieks spraakgebruik staan en dan beteken : byeengeroepe volksversameling. Tweedens wanneer dit 'n meer religieuse betekenis het en dan 'n duidelike betekenis-verband toon met **qahal** en dan die toebehoort aan die ware Israel in sy betekenis-inhoud saamdra. Met ander woorde dan wil **ekklesia** bewustelik die aanspraak maak om die ware Godsvolk te wees. In die Nuwe Testament kom hierdie betekenis van **ekklesia** nie voor nie behalwe miskien in Heb. 12 : 23. In die Nuwe Testament word ekklesia sowel gebruik as aanduiding vir die plaaslike gemeente as die **kerk**-as-geheel (Vg. Hand. 20:28; I Kor. 1:2; 10:32; 11:22; 15:9; II Kor. 1:1; Gal. 1:13; I Tim. 3:5; en daarnaas in die meervoud I Kor. 11:16; I Thes. 2:14; II Thes. 1:4). Tog word van weë die band met **gahal** wel duidelik dat **ekklesia** ook beteken : 'n eskatalogiese werklikheid wat in die enkele gemeente gestalte vind. Daarmee hang die pretensie saam dat die **ekklesia** die ware Godsvolk is. Dit word veral duidelik as die vergelyking van die kerk met 'n liggaam, om wil van die eenheid gebruik word.

Dit is egter veral in die **Handelinge van die Apostels** waar die historiese werklikheid **kerk** 'n min of meer duidelike inhoud kry. Hier word die begrip kerk baie nou met die Heilige Gees verbind. Die voorstelling is dan kortliks dat die Messias op sy hemeltroon sit en daar bly tot en met die wederkoms (Hand. 2 : 33 - 36). Jesus is egter nie 'n onbekende nie want Hy is dieselfde as die aardse Jesus (Hand. 3:20 vg). Jesus se koningsheerskappy word in die kerk openbaar deur die eskatalogiese gawe van die Heilige Gees wat die lewe van die kerk voed (Hand. 2:33). Die kerk is dus 'n baie sterk heilsbewuste gemeenskap (I Petr. 1:10-12) wat in die tyd lewe en assodanig die begin van die vervulling van die Ou Testamentiese beloftes is.

Paulus sien die kerk ook in die lig van die heilsgeskiedenis waarin God en sy volk die twee belangrike groothede is. By Paulus kom daar egter 'n nuwe aksent by en dit word veroorsaak deur sy sendingarbeid onder die heidene — dit gaan vir hom die eenheid wat hy egter nié vanuit 'n sigbare eenheid van die Godsvolk wil verstaan nie. Paulus vind die eenheid van die kerk in **Christus.** Daarom praat Paulus vanuit Christus oor die kerk en gebruik dan die beeld van die liggaam. Die gedagte van die liggaam kom nie voort uit die Godsvolk- of die Ou Testamentiese gedagtewêreld nie, maar is 'n nuwe gedagte van Paulus wat miskien uit die stoisynse filosofie afkomstig is. Hierdie liggaam-vergelyking speel later 'n groot rol in die vroeg-christelike teologie veral as dit in II Clem. 14 met die voortgesette Inkarnasie-teorie verbind word. Vir Paulus gaan dit met die liggaam-vergelyking om die eenheid-gemeenskap van die gelowiges met Christus (I Kor. 12 : 12 vg. Kol. 3:15). Dit hang saam met Johannes se visie waar die eenheid nog sterker in Christus veranker is.

In die Nuwe Testament kry ons dus 'n dubbele opvatting van die kerk, as dit tenminste toelaatbaar is om so sterk te onderskei. In Handelinge is die kerk 'n werklikheid. Die christus gelowiges is die kerk, hulle is nie in die kerk nie. Dit wil Paulus en Johnanes ook sê maar hulle vergelyking lei daartoe dat die kerk gesien word as 'n grootheid waarin die christene is.

In die vroeë Christendom is die kerk as die nuwe Godsvolk verstaan, dié volk wat deur Jesus Christus tot sy ewige heil uitverkies is en wat daarom deel het aan al die beloftes wat in die Ou Testament aan die Gods-volk gegee is. Dit is duidelik dat die idee van die gemeenskap (= eenheid met Christus, eenheid met mekaar) saamgaan met die idee van die sigbaar, geïnstitueerde en georganiseerde kerk. In die eerste eeue word dit duidelik dat die aanvanklike opvatting van die kerk as 'n gemeenskap van broeders en susters in die geloof wat met Jesus Christus en daarom met mekaar ver-bonde is, geleidelik plek maak vir 'n kerkopvatting waar die georganiseerde kerk meer op die voorgrond tree [5]).

By die geskrifte van die Apostoliese vaders soos die **Barnabasbrief** en die **Herder** van Hermas vind ons in hoofstuk die gedagte dat die kerk die voortsetting van die Ou Testamentiese volk van die verbond is. By Ignatius (35 - 107) word die kerk verstaan as 'n tydelike, historiese gemeenskap wat terselfdertyd 'n gedeeltelike verwerkliking van die ewige, bo-aardse gemeen-skap van uitverkorenes is. Vir sover Harnack hier gevolg kan word, is die volgende opmerking in verband met Ignatius se kerk-opvatting wel in-teressant [6]).

> ,Von einer empirischen Einheit der gemeinden zu einer Kirche, verbürgt durch irgendeinde lex oder eine Amt weisz Ignatius noch nichts. Der Bischof hat nur für die Einselgemeinde Be-deutung, nich für das Wesen der Kirche ,und auch für das Wesen der Kirche, und auch für Ignatius gibt es keine andere Verbinding zwischen der getrennten Gemeinden als die durch Glauben, die Liebe und die Hoffnung gesetze".

Die gedagtes wat Ignatius stel word deur Irenaeus (130-200) verder ontvou en by Irenaeus word die nadruk sterk gelê op die leer van die kerk. Die gemeenskap aan die leer is die bindende beginsel wat die verskillende gemeentes saamvat [7]):

> „Ecclesia vero per universum mundum ab apostolia firmum habeus initium, in una et eadem de deo et de filio eius perseverat sententia".

---

5) A. Harnack, *Dogmengeschichte,* Tübingen 1909, Bd. I, S. 405 f.
6) A. Harnack, *a.a.O.*, S. 406.
7) *Adv. Haer.* III, 12, 7.

In hierdie verband is die opvatting van R. Seeberg ook van belang [8]:

> „Also die Eintracht äussert sich darin, dasz man sich an die kirchliche Lehre, und an den sie vertretenden Bischof hält. Dies ist aber die Lehre der allgemeinen Kirche. Von hier aus empfängt das beiwort ‚katholisch' eine neue Nuance, es wird aus einen Quantitätsbegriff ein Qualitätsbegriff zur bezeichnung der gemeingültigen Wahrheit. Die Voraussetzung dieser Betonung der Einheit der Kirche ist, dasz man von dem Vorhandensein eine katholischen Lehre Überzeugt war. .... Als Hegesipp bald nach 150 vor Orient kommend über Korinth nach Rom reiste, da fand er überall dieselbe Lehre, den **orthos logos** .... Die Häretiker aber hatten die ursprüngliche ‚Einheit der Kirche' zerrissen. .... Die Einheit und Katholizität der Kirche beruhte zuhüchst auf Christus und seinem Heil, konkret auf der eine Lehre, die Christus und seinem Heil, konkret auf der eine Lehre, die amt, das diese Lehre vertritt'

Ook in die Noord-Afrikaanse kerk het dieselfde gedagtes gelewe en dit word veral deur Tertullianus (160-220) betuig voor hy na die Montanisme oorgegaan het. Hy stel dat omdat die kerk uit vele kerke bestaan, word die eenheid gevind in die leer [9]) en die hooftaak van die kerk is om die Evangelie te bewaar wat deur God gegee is en wat die mens deur bemiddeling van Christus en die Apostels ontvang het. Die kerk is dus van goddelike oorsprong en het 'n goddelike gesag. Terloops mag daarop gewys word dat Tertullianus geen besondere gesag of status aan die biskop van Rome toeken omdat hy die opvolger van Petrus sou wees nie [10]).

Hippolytus, (170 - 236) 'n leerling van Irenaeus het die beginsels was Irenaeus neergelê het, verder ontwikkel. Die Kerk is vir hom die eenstemmigheid met of in die Heilige Gees wat in die heilige versameling van hulle wat in die geregtigheid lewe, duidelik word. Die kerk bewaar sy lidmate vir die regte verwagting van die Koninkryk wat aan die kom is en daartoe is die kerk ook die draer van die waarheid en die heiligheid, die reddende ark van die gelowiges temidde van die aanvegtinge van die wêreld. Na sy geestelike kant leef die kerk in die hemel terwyl dit op aarde slegs as 'n tydelike verskyningsvorm gestalte kry. Wesenlik is die kerk egter nie aan die aarde of die wêreldse dinge verbonde nie. By sy wederkoms sal Christus die kerk in die ewige Koninkryk van God opneem.

---

8) R. Seeberg, *Lehrbuch der Dogmengeschichte,* Leipzig 1920, Bd. I. S. 236.
9) *De Praescr. Haer.* 21, 32, 37.
10) *De Pudicitia,* 21.

Die kerk is heilsgemeenskap en diegene wat daarvan lid is, kry hierdeur deel aan die heil.

By Clemens Alexandrinus (150-215) kry ons 'n meer spiritualistiese kerkopvatting wat aan platoniese of neo-platoniese invloede toegeskryf kan word. Clemens noem die kerk die mistieke liggaam van Christus [11]) en dan maak hy 'n onderskeiding in die liggaam en korrleleer dit met die verskil tussen vlees en gees in die menslike liggaam. In die kerk is daar diegene wat, hoewel hulle lede van die liggaam is, nog soos heidene lewe en andersyds is daar diegene wat waarlik God aanhang en een in gees is met Hom [12]). Slegs die laasgenoemdes is werklik die ware kerk.

In dieselfde trant handel Origines (185-254) en soos Clemens stel hy dat die ware kerk nie sigbaar verwerklik word op die aarde nie. So stel hy [13]).

> „Christus is die ware lig, en deur sy lig word die kerk verlig en tot die lig van die wêreld gemaak om sodoende hulle wat in die duisternis is, te verlig. Dit het Christus self betuig aan sy dissipels toe Hy gesê het : Julle is die lig van die wêreld. Daardie uitdrukking toon aan dat Christus die lig van die Apostels is en dat die Apostels die lig van die wêreld is. Want hulle wat nóg vlek nóg rimpel nóg iets van die aarde het, is die ware kerk".

Dit is egter duidelik dat Origines hiermee alweer 'n ander standpunt na vore bring wat in die Nuwe Testamenitese kerkopvatting nie so geken word nie. Die sigbare kerk bestaan uit mense wat aan die hemelse kerk, sonder vlek of rimpel wil behoort. Daarom sien Origenes die woestynreis van die ou Israel as analoog aan die reis van die aardse kerk op weg na die geestelike, hemelse kerk [14]). Origines aanvaar dus dat die sigbare kerk 'n **corpus permixtum** is en hy maak 'n duidelike onderskeid tussen die kerk-na-sy-wese en die sigbare kerk. Vir Origines is dit verder ook vanselfsprekend dat daar buite die kerk geen heil is nie [15]). Dit omdat slegs in die kerk die ware leer en lewe is en ware geloof sonder die regte belydenis nie moontlik is nie [16]). Die geloof van die ketters beskou hy nie as **fides** nie maar as 'n willekeurige **credulitas.**

Nog by Clemens nog by Origines word ons egter veel nuwe materiaal gebied wat van belang kan wees vir die probleem waarmee ons besig is. Duidelik is dit egter nog steeds dat die leer van die kerk ook die grense

---

11) *Stromateis,* VII, 14.
12) *Paed.* I, 4, 6 asook *Strom.* I, 18 en VII, 6.
13) *Hom. I in Gen.* (vrye vertaling).
14) *Hom. 27 in Num.*
15) *Hom. 35 in Jos.:* Extra hanc domum, id est ecclesiam, nemo salvator.
16) *De Princip.* 1, 2.

van die kerk aandui, in dié sin dat hulle wat die leer van die kerk nie glo nie, nie tot die kerk behoort nie en daarom ook verlore moet gaan.

In die westerse christendom het die opvatting oor die kerk egter verder ontwikkel as wat by Origines en Clemens die geval is. Hier is veral van belang biskop Cyprianus van Karthago. Cyprianus het oor die eenheid van die kerk 'n geskrif die lig laat sien, **De Unitate Ecclesiae**, waarin hy veral handel oor die probleem van afskeidings en verlatings van die kerk wat nie op leerstellige gronde plaasgevind het nie. Die vraag by hom is waarin die eenheid van die kerk geleë is. Die antwoord lê vir hom hierin dat die Heer aan Petrus die apostoliese volmag gegee het [17].

> „hoc erant utique et ceteri apostoli quod fuit Petrus, pari consortio praediti et honoris et potestatis, sed exordium ab unitate proficistilur, ut ecclesia Christi una monstreteur.

Petrus en die volmag wat aan hom gegee is, is die simbool vir die eenheid van die kerk en die gesag van die kerk. Dit gaan vir Cyprianus in sy eksegese van Mt. 16:18 nie om die instelling van die primaat nie, maar om die instelling van die episkopaat [18]) want God het diselfde volmag ook aan die ander apostels gegee omdat hy aan hulle ook die Heilige Gees en die volmag om die sonde te vergewe, gegee het [19]). Alle apostels en daarom alle biskoppe het dieselfde gesag en verantwoordelikhede. Die eenheid van die kerk is vir Cyprianus gegee in die vashou aan Christus en die algemene waarheid en nie in die rig van die kerk na Rome nie [20]). Hoewel die biskop van Rome vir homself die primaat en daarom die gehoorsaamheid van die ander biskoppe opeis, het Cyprianus dit bestry [21]). Die episkopaat is egter vir Cyprianus die Godgegewe middel om die eenheid van die kerk te bewaar en daarom stel hy [22]):

> „Nec enim ignoramus unum deum esse, et unum Christum esse dominum . . . . , unum sanctum spiritum, unum episcopum in catholica esse debere".

Volgens Irenaeus nog het dié mens aan die kerk behoort wat deel het aan die apostoliese geloof, wat assodanig deur die biskop gewaarmerk is. Volgens Cyprianus egter is die biskop self al, of die episkopaat, geloofsobjek. Deur die eenheid van die episkopaat vind die kerk nou eenheid. Die eenheid berus dus enersyds op die deur God ingestelde regsorde van die kerk en andersyds in die Heilige Gees wat in die ware biskop werk-

---

17) *De Unit. Eccl.* 4.
18) Vgl. hier J. F. Bethune Baker, ***An Introduction to the Early History of the Christian Doctrine***, London 1958, p. 364 f.
19) *Ep.* 75, 16.
20) *Ep.* 73, 2 en ook 71, 2.
21) Vgl. R. Seeberg, *a.a.O.*, Bd. I, S. 617 - 618.
22) *Ep.* 49, 2.

saam is. Alleen diegene wat die biskop aanvaar en gehoorsaam is, is werklik lid van die kerk en alleen so bly hulle in die kerk waarbuite daar geen heil is nie. Daarom sê Cyprianus ook [23]):

> „habere non potest deum patrem qui ecclesiam non habet matrem".

In Noord-Afrika het Augustinus (354-430), die biskop van Hippo, die eerste christelike skrywer geword wat aan die ekklesiologie sorgvuldig aandag gegee het [24]). Hy het die kerk op vele verskillende maniere beskrywe as : Huis van God, familie van God, liggaam van Christus. Kenmerkend van Augustinus is dat hy die kerk sien as die liefdesgemeenskap van die gelowiges. In die **caritas** wat in die kerk is, lê die verband met die Godsryk. Want die kerk is die Godsryk wat in die wêreld as kerk verskyn. Vanweë hierdie standpunt kan Augustinus die kerk beskrywe as die **civitas dei,** as **regnum Christi** terwyl hy die aardse, sigbare kerk terselfdertyd beskrywe as 'n **corpus permixtum** waarin gelowiges en ongelowiges saamgevat is. [25]). Die **ecclesia catholica** is die volkome kerk en assodanig is dit die moeder van die gelowiges. Hierdie **ecclesia catholica** bestaan uit die **congregatio sanctorum,** die uitverkorenes, die waarlik heilige christene wat alleen aan God bekend is. Ten opsigte van die uitverkorenes meen Augustinus dat diegene onder hulle wat (nog) buite die kerk is, voor hulle dood in die kerk opgeneem sal word. Tog aanvaar hy dat daar mense is wat sonder om lede van die kerk te wees, salig word en in die sin aanvaar hy 'n ware kerk wat altyd bestaan het hoewel dit nie altyd 'n uiterlike verskyningsvorm gehad het nie. Die verbindende faktor is die **caritas** waardeur die enkelinge met Christus en onderling met sy medegelowiges verbonde is. [26]).

'n Oomblik moet daar nou ook aandag gegee word hoe hierdie teologiese opvattings van die vroeë kerk in die kerklike organisasie verdiskonteer is. Tot en met die sesde eeu was die organisasie van die kerk een van desentralisasie. Die gewone eenheid van kerkregering is die gemeente met as sy hoof die biskop en sy **familia van clerus.** Die gesag van die biskop het normaal nie verder gestrek as die grense van sy bisdom nie. Die verskillende bisdomme is op hulle beurt weer saamgegroepeer rondom die oudste bisdom en die biskop daarvan het as metropolitaan-biskop gesag oor die ander uitgeoefen. Die verskillende kerkprovinsies is weer saamgevat in patriargate. Die sentrum van die patriargaat was die bisdom in 'n groot stad waar die Evangelie oorspronklik deur 'n Apostel verkondig is. In die ooste was daar so vier patriargate naamlik : Jerusalem, Antiochië, Alexandrieë en ook Kon-

---

23) *De unit. eccl.* 6.
24) J. F. Bethune-Baker, l.c., p. 368.
25) J. F. Bethune-Baker, l.c., p. 369.
26) *De unit. eccl.,* II, 6.

stantinopel, die hoofstad van die oosterse keiserryk, wat in 451 as „nuwe Rome" die privileges en status van 'n patriargaat gekry het. In die weste was daar net een patriargaat naamlik Rome. Die organisasie in al die patriargate was min of meer dieselfde. Daarnaas was daar die band van die gesamentlik aanvaarde Heilige Skrif en die gesamentlik-aanvaarde uitleg daarvan deur die vadere en geleerdes van oos en wes. 'n Derde verenigende faktor was die gesamentlike-aanvaarde leer en praktyk van die kerk ten opsigte van die christelike lewe, moraal en sakramente. Juis terwille van die bestendiging van hierdie eenheid is die groot ekumeniese konsilies gehou.

Hierdie plurale en losse organisatoriese struktuur van die kerk, sonder dat daar n' spesifieke hoof van die kerk was, sou ongetwyfeld voortgeduur het as dit nie was dat die opkomende Islam die patriargate in die Ooste van die kaart gevee het nie. Vanweë die vernietiging van die christendom in Noord-Afrika het daar net een van die oorspronklike patriargate oorgebly naamlik dié te Rome. Mede as gevolg van die historiese gang het die kerk in die weste 'n sterk eenheidsorganisasie, gebou rondom die biskop van Rome, gebly en daaruit het die poudom gegroei. As die oosterse patriargate ongeskonde kon voortbestaan het, is dit onwaarskynlik dat die figuur van die pous ooit in die kerk sou ontstaan het en daarmee saamgaande die opvatting dat die sigbare en onsigbare kerk, die Kerk en die Godsryk saamval binne die grense van die pouslike kerk [27]).

Vanaf Augustinus, om nou weer met die teologiese opvattings voort te gaan, kry ons 'n dubbele ontwikkeling ten opsigte van die kerkopvatting naamlik 'n spiritualiserende en 'n konkretiserende kerkopvatting. Isidorus van Seville, 560 - 636 het veral die spiritualiserende tendense van Augustinus verder gevoer en dit het in die fransikaanse teologie óók 'n plek gekry. Die uiteinde van hierdie opvatting is dat dit 'n ope vraag word of die kerk ooit op aarde sigbaar is.

Andersyds is Augustinus se teologie ook gebruik om te stel dat die kerk, soos hy sigbaar is, die **civitas dei** is. Hiervoor is veral gebruik gemaak van Augustinus se opvatting van die eenheid wat daar tussen die aardse en hemelse kerk bestaan. Die Sinode van Parys in 829 het vasgestel dat die universele, heilige kerk van God 'n liggaam is met Christus as die hoof daarvan. Hierdie **corpus** word dan verdeel in twee **personae** naamlik die **persona sacer dotalis**, dit is die clerus en die **persona realis**, die wêreldlike owerheid. Hierdie gedagte is verder deur pous Gregorius deurgetrek en dit is op die kerk as sigbare verskyning toegepas, terwyl dit terselfdertyd gebruik is om die absolute gesag van die pous te beklemtoon. Innocentius III het in 1198 in sy ensikliek **Sicut**

---

[27]) M. Deanesly, *A History of the Medieval Church*, London 1959, p. 3 - 4.

**universitatis conditor** die saak as volg gestel [28]).

> „Just as God, founder of the universe, has contsituted two large luminaries in the firmament of heaven, a major one to dominate the day and a minor one to dominate the night, so He has established in the firmament of the Heaven two great dignitaries, a major one to preside – so to speak — over the days of the souls, and a mionr one to preside over the night of the bodies. They are the pontifical authority and the royal power . . . ."

Met die deurtrek van hierdie gedagte is dit vanselfsprekend dat die onsigbare kerk geheel en al met die sakramentele, heilsbemiddelende aardse kerk saamval sodat die aardse kerk op geestelike en wêreldlike gebied onbeperkte mag toegeken word. Dit word in die bekende bul **Unam Sanctam** wat in 1302 deur Bonifatius VIII uitgevaardig is, beklemtoon [29]):

> „We are compelled, our faith urging us, to believe and to hold, . . . . , that there is one holy catholic and apostolic church, outside of which there is neither salvation nor remission of sins; . . . . which represents one mystic body, of which body Christ is the head; but of Christ, God. In this church there is one lord, one faith and one baptism. This church moreover, we venerate as the only one. . . . . He prayed at the same time for His soul — that is, for Himself the Head — and for his body —, which body, namely, He called the one and only church on account of the unity of the faith promised, of the sacraments, and of the love of the church . . . . Therefore of this one and only church there is one body and one head, Christ namely. and the vicar of Christ, St. Peter and the successor of Peter".

Die uiteindelik konsekwensies van hierdie opvatting word getrek deur Pius XII in sy ensikliek **Mystici Corporis** van 1943 waarin gestel word [30]).

> „That the Church as a body is frequently asserted in the Holy Scriptures . . . . But it is not enough that the body of the Church should be an unbroken unity; it must also be something definite and perceptible to the senses as our predecessor of happy memory, Leo XIII, in his Encyclical **Satis cognitum** asserts : The Church is visible because she is a body. Hence they err in a matter of divine truth who

---

28) A. Fremantle, *The Papal Encyclicals,* New York 1956, p. 70.
29) A. Fremantle, *l.c.,* p. 72 - 73.
30) A. Fremantle, *l.c.,* p. 271.

imagine the Church to be invisible, intangible, a somehting „pneumatological" as they say, by which many Christian communities, though they differ from each other in their profession of faith, are united by an invisible bond".

Tot slot mag net opgemerk word dat vir die roomse teologie dit 'n noodsaaklike konsekwensie van sy ekklesiologie en sy leer van die sigbaarheid van die een kerk is dat daar 'n pous sal wees, 'n stedehouer Christi. Immers anders sou dit 'n sigbare romp gewees het, met 'n onsigbare hoof, want Jesus Christus is nie sigbaar nie en Hy is uiteindelik tog die Hoof van die kerk.

Reeds gedurende die Middeleeue het John Wycliffe teen dié roomse ekklesiologie besware geopper en die ware kerk gesien as 'n broederskap van dissipels van Christus. Hierdie stelling verbind Wycliffe dan met die nasionale kerke om sodoende 'n desentralisasie gedagte teenoor die sterk sentraliserende tendens van Rome te stel. Hierdie gedagtes van Wycliffe is verskillende male in die Middeleeue herhaal en in die kringe van die **Devoti moderna** veral uitgespreek deur Wessel Gansfort [31]).

„Mens moet die een katolieke kerk bely, maar hierdie eenheid moet mens in die eenheid van die geloof, in die eenheid van die Hoof en die hoeksteen (Christus), nie in die eenheid van Petrus as bestuurder of van sy opvolger soek nie".

In dieselfde rigting het Luther oor die kerk geskrywe en hoewel dit moeilik is om sy gedagtes oor die kerk te kondenseer, kan die volgende gestel word. In aansluiting by Augustinus het Luther die onsigbaarheid van die kerk van die geloof baie sterk beklemtoon. Die kerk is geestelik, „eine geistliche, ewige Gottestadt" wat van die begin van die wêreld tot aan die einde van die tyd bestaan en waarvan Christus die Hoof is [32]). Die kerk ontstaan orals waar die geloof, die Woord van die vergewing van die sonde die mens aanraak en waar die mense deur die Heilige Gees versamel word. Die kerk is 'n **creatura Evangelia** en assodanig staan die die kerk onder die kruis en omdat 'n mens die kerk daar nie kan sien nie, moet die kerk geglo word [33]). Die ware kerk is feitlik verborge want die kerk op aarde is deur God met swakheid bedek [34]). Luther lê baie nadruk daarop dat die kerk 'n gemeenskap van mense is en gryp daarmee terug na die vroeg-christelike opvatting en noem die kerk „die heiligen Glaubigen sind die Schäflein, die ihres Hirten Stimme hören, met ander

---

31) Vgl. *Documenta Reformatoria*, Kampen 1960, blz. 6.
32) W.A. 6, 553.
33) W.A. 31/II, 506.
34) W.A. 40/II, 106.

woorde 'n kring gelowiges wat deur Christus, om Homself versamel is [35]).

Oor die eenheid van die kerk het Luther in 1528 hom as volg uitgelaat:

> Demnach glaube ich, dasz eine heilige, Christliche Kirche sei auf Erden, das ist die Gemeinde und Zahl oder Versammlung aller Christen in aller Welt, die einige Braut Christi und sein geistlicher Leib, das er auch das einige Haupt ist und die Bisschof und Pfarr nicht Hauper noch Herrn noch Brautigam der selbigen sind, sondern Diener, Freunde, . . . . Und dieselbige Christenheid ist nicht allein unter der römischen Kirchen order Papst, sondern in aller Welt . . . . dasz also unter Papst, Türken, Persern, Tattern und allenthalben die Christenheit zerstreuet ist leiblich, aber versammelt geistlich in einem Evangelium und Glauben, unter ein Haupt, das Jesus Christus ist".

Hiermee neem Luther stelling in teen die roomse kerkbegrip wat die kerk slegs daar sien waar die pous regeer en die pouslike kerkinrigting bestaan. Vir Luther staan en ontstaan die kerk rondom die Woord en die sakrament [36]).

> „Wo Wort und Sakrament ist, da ist die Kirche in dem Sinne dasz dadurch Kirche gebildet, konstituiert wird. Weil Wort und Sakrament nicht leer zurückkommen, daru gibt es auch Versammlung der Gläubigen. Durch Wort und Sakrament wird der Heiligen Geist gegeben. Der Heiligen Geist schafft die Kirche".

Wesenlik is die kerk verkondiging en versameling en Woord en sakrament is die **definientes et constituentes** van die kerk [37]) en daarom, vir sover daar nog iets van Woord en sakrament oorgebly het in die roomse kerk, kan dáár ook ware christene wees. Die eenheid van die kerk word dan ook in die objektiewe eenheid gefundeer. So stel die **Confessio Augustaan:**

> „Dann dies ist gnug zu wahrer Einigkiet der christlichen Kirchen, dasz da einträgtichlich' nach reinem Verstand das Evangelium gepredigt und die Sakramente dem göttlichen Wort gemäsz gereicht werden. Und ist nicht not zur wahren Einigkeit der christlichen Kirche, dasz da allenthalben gleich-

---

[35]) Oor Luther se kerkbegrip kan verder gelees word by K. Holl, *Die Entstehung von Luthers Kirchenbegriff*, artikel in *Gesammelte Aufsätze zur Kirchengeschichte*, Tübingen 1932, Bd. I, S. 288 f.

[36]) F. Brunstäd, *Theologie der Lutherischen Bekenntnisschriften*, Gutersloh 1951, S. 118.

[37]) F. Bronstäd, *a.a.o.*, S. 120.

förmige Ceremonien, von den Menschen eingesetzt, gehalten werden".

Daarom geld ook in die Lutheranisme dat daar buite die kerk geen heil is nie. Dit gaan dan egter nie om die verbondenheid aan 'n bepaalde organisatoriese grootheid nie, maar om die verbinding ,deur die Heilige Gees, aan die Woord en Sakrament wat aan die kerk toevertrou is in dié sin dat die kerk daar is, waar Woord en Sakrament reg verkondig en bedien word.

Hiervandaan verder gaande word in die Luthernaisme aanvaar dat die kerk een is, omdat die Hoof en Heer van die kerk een is en omdat die kerk deur geloof aan die een Heer verbonde is. Daarom kan daar eenheid in die kerk wees sonder eenheid in organisasie, orde van die godsdiensoefening ens. Vir die eenheid van die kerk is slegs nodig

„Consentire de doctrina evangelii et administratione sacramentorum.

Die **consentire pure en recte** is die belydenisskrif van die kerk. Hier moet egter daarop gewys word dat die reformatore nie afgeskeie of eie kerke wou vestig nie, maar slegs die bestaande kerk deur die Evangelie wou hervorm. Maar nou het die belydenisskrif wat verenig, terselfdertyd verdeel en in die geskiedenis het die eenheid in die leer die verdeling van die kerk in rooms en protestants tot gevolg. Nou moet egter aanvaar word dat na die Lutherse visie die eenheid van die kerk nie bereik word buite die belydenisskrif om nie, maar deur die belydenisskrif. Want daar is geen eenheid sonder waarheid wat verenig nie. Die waarheid geld vir almal of hulle die waarheid aanvaar of nie en waar die mens die waarheid herken, word hy saamgesnoer.

„So reden wir von wahrer Einheit und einheitlicher Wahrheit in der Kirche. Sie ist gegeben durch Wort und Sakrament, wodurch die Kirihe uberhaupt konstiutiert wird. Einigkeit in der Kirche gibt es auch ihrer Einheit d.h. im glauben an den Herrn. Einigkeit ist Uebereinstimmung in Bekenntnis schriften. Luther sagt, es sei zu Einheit und Einigheit nicht notwendig, dasz die Kirche dieselben Bekenntnisschriften haben, wohl aber, dasz diese im Zeugnis von Wort und Sakrament nicht widersprechen und verurteilen".

Daarmee kom ons by die opvattings van Johannes Calvyn. Sy kerkopvatting word hier slegs kortliks weergegee daar dit deur sy medewerkers breër uitgewerk word na aanleiding van sy aanwysings in die **Institutio christianae religionis.** Calvyn se kerkopvatting word deur die teokratiese visie van Augustinus gedra. Die klassieke definisie van kerk gee Calvyn in sy Geneefse Kategismus, vraag 93:

**Dienaar:** Wat is die algemene of katolieke kerk ?

**Leerling:** Dit is die gelowiges wat deur God tot die ewige lewe bestem is.

As die belangrikste **notae ecclesiae** noem Calvyn die suiwere prediking van die Woord van God, die regte bediening van die Sakramente en die ware geloof soos gewek deur die Woord en sakrament. Die toepassing van die tug is 'n gedagte wat Calvyn van Martin Bucer oorgeneem het en dit word in sommige gereformeerde belydenisskrifte as 'n derde **nota** genoem. Omtrent die eenheid van die kerk word in die Geneefse Kategismus vraag 97 gestel:

**Dienaar:** Wat beteken die woord algemeen of katoliek?

**Leerling:** Dit dui aan dat daar net een Hoof van die gelowiges is, en dat almal daarom in een liggaam verenig moet wees sodat daar nie verskillende kerke is nie, maar slegs een kerk wat oor die hele wêreld versprei is.

Tog is vir Calvyn die eenheid van die kerk op aarde saak van die geloof want dit sal eers in die voleinding **sigbaar word** [38]. Dat Calvyn die eenheid van die kerk ook prinsipieël soek in die eenheid met Christus, die Waarheid, en dit daarom sien as 'n eenheid in die leer en geloof kan met die volgende sitate aangetoon word [39].

„For Christ is the only bond of holy unity. He who departs from Him, disturbs and violates unity . . . . ".

If however, it be true, that whereever the pure truth of Christ, together with an entire consent in mind and doctrine with all the godly in Christ, exists, there, too, the real unity of the Church exists ,Protestants assuredly are not aliens from the Church.

„That we acknowledge no unity except in Christ, no charity of which He is not the bond; and that therefore, the chief point is preserving charity is to maintain faith sacred and entire.

Die grense van die kerk val daarom vir Calvyn ook saam met die grense

---

38) Vgl. ook Geneefse Kategismus, vr. en antw. 100.

39) J. Calvin, *Remarks on the letter of Pope Paul III*, gepubliseer in *Tracts and Treatises on the Reformation of the Church*, ed. T. F. Torrance, Edinburgh 1958, Vol. I, p. 259. Vgl. ook: *Instit.*, IV, 1, 2. Sien ook Torrance, *l.c.* Vol. I, p. 264 en Voll III, p. 416.

van die leer [40]). Soos W. Nijenhuis dit uitdruk [41]):

> „Voor Calvyn was het Woord Gods, het evangelium Christi de pura en sana doctrina het wezenlijke kenmerk der kerk, en het fundament van haar eenheid. De kern van het vraagstuk van de eenheid der kerk was dan voor hem gelegen in de waarheidsvraag".

Dit is egter nie net oor die onsigbare kerk wat Calvyn handel nie. Hoewel die eenheid van die onsigbare kerk vir Calvyn 'n gegewe werklikheid is, 'n gawe wat in Christus gegee is, skryf hy ook met nadruk oor die eenheid van die sigbare kerk. Dié eenheid word deur duiwelse geeste bedreig, maar is desnietemin 'n doel waarheen gewerk moet word. Hierdie eenheid bly volgens Calvyn, 'n voortdurende taak van die hervormde christendom.

Die hervormde geloofsbelydenis handel almal in meerdere of mindere mate oor die eenheid van die kerk [42]). Jacobs wys daarop dat vir die eenheid van die kerk dit van primêre belang is dat konsekwent bely word dat die Heer en Stigter van die kerk en daarom die subjek van die kerk, God in Christus is. Die vraag na die sigbaarheid of onsigbaarheid van die kerk en die vraag na die inrigting van die kerk is daarom eintlik van sekondêre belang. Die eenheid van die kerk is geleë in die eenheid van die een uitverkiesende, roepende, versamelende en onderhoudende Heer. Hiervandaan uitgaande is die eenheid van die kerk die eenheid van die ware geloof soos gewek deur Gees en Woord. Die eenheid lê dus ook nie in die aanvaarding van dieselfde belydenisskrif nie ,maar in die geloof in Jesus Christus soos Hy deur profeet en apostel betuig en verkondig is.

Die onderskeiding in n' veelheid van kerke word byna as vanselfsprekend aanvaar en is dan ook in die reformatoriese teologie geen probleem nie. Want die veelheid van kerke versteur nie die eenheid nie, maar word slegs as verskynsels binne die eenheid gesien. Daarom stel die Tweede Switserse Geloofsbelydenis in art. 17 :

> Terwyl daar steeds maar een God is, een Middelaar tussen God en mens nl. Jesus, die Messias, en netso een Herder van die gesamentlike kudde (gregis universi), een Hoof van hierdie liggaam en verder een Gees, een heil, een geloof en een testament of een verbond, daarom volg noodsaakliker wyse daaruit dat daar slegs een kerk is (unum duntaxat esse Ecclesiam).

---

40) J. Calvin, *The Adultero-German Interim*, Torrance, *l.c.*, Vol. III, p. 202 - 205.
41) W. Nijenhuis, *Calvinus Oecumenicus*, Den Haag 1959, blz. 301.
42) P. Jacobs, *Theologie Reformierter Bekenntnisschristen*, Neukirchen 1959, S. 102 f.

Met hierdie skematiese oorsig is dit dus duidelik dat die opvatting van die kerk wat in ons kerk se teologie heers en wat mede-bepalend is vir die opvatting van die apostolaat van ons kerk, nie 'n aangeleentheid is wat op willekeur berus nie. Dit is die gangbare, Skriftuurlike opvatting wat deur die eeue heen in die kerk geleef het en waaruit die kerk steeds sy krag geput het. Hierdie ekklesiologie, howel dit hier nie volledig uiteengesit is nie, is egter genoegsaam om daaruit die konklusies te trek vir ons apostolaatsopvatting soos dit vandag in die praktyk gebring word.

3. **Die Opdrag aan die Kerk.**

Die Kerk is ten nouste betrokke by Gods heilopenbaring. Hierdie betrokkenheid is tweeledig van aard.

Die eerste lid kan verduidelik word met 'n kort uiteensetting van die kerk as ekklesia. In hierdie sin is die Kerk 'n „ . . . . auf öffentlichen Aufruf hin zusammeneilende und zusammetretende Gemeidne" [43]) Die openlike oproep is die aanspraak van Godswoord. Die Kerk is Kerk omdat die Seun van God uit die ganse menslike geslag vir Hom 'n gemeente „ . . . . deur sy Gees en Woord . . . . vergader„ beskerm en onderhou [44]).

Die Kerk is Kerk deur die selfbetuiging van God, „ . . . . wie sie uns in der Schrift als dem Dokument des Seins und Grundder Kirche menslicht bezeugt wird . . . . [45]).

Die Kerk is daar waar God deur die geskenk van sy heil in Jesus Christus, dit in aansyn roep.

Die tweede lig van die betrokkenheid word helder by 'n nadere betragting van die opdrag aan die Kerk. Die hoofsaak van die opdrag aan die Kerk is saamgevat in die woorde: „Maak dissipels . . . . [46]).

Die kerk is dissipel deur die heil wat ontvang is. Om dissipels te maak, beteken daarom vir die Kerk om die heil wat ontvang is, uit te deel en mee te deel. Die Kerk „is" en „besit" slegs as dit sigself uitbrei na die ander toe [47]).

Die Kerk leef slegs as die opdrag uitgevoer word. „Die wirckliche Kirche existiert . . . . im Akte des Hörens und Verkündigens des Wortes Gottes durch Menschen". [48]). Die sin van die uitvoering van die opdrag is dat die Heilige Gees, die eenmalige heilsgebeure in en deur die Kerklike verkondiging voortsit en teenwoordig maak [49]). Die heil wil voortgang

---

[43]) K. Barth, *Kirchliche Dogmatik,* IV/I, S. 727 vgl. Mat. 4:12-25, 16:18.
[44]) Heidelbergse Kategismus, Vraag en antwoord 54.
[45]) K. Barth, *a.a.O.,* II/2, S. 1.
[46]) Mat. 28:19.
[47]) Vgl. Mat. 16:25 en 26.
[48]) *K. Barth, a.a.O.,* I/ 1, S. 298.
[49]) G. Sevenster, *Christologie van het Nieuwe Testament,* bls. 249.
kerke goed sal wees nie. Die belangrikste Skriftuurlike beginsels van

hê. „Einzig wenn die Gemeinde der gege wärtigen Christus in ihrer mitte hat (d.h. verkündigt!) ist sie Trägerin gültigen Wortes, redet sie nicht nur von Vergangensein, sondern gegenwärtig". [50]). Die Kerk en die opdrag aan die Kerk is nie twee geskeie groothede nie. Dit val saam. Die gawe van God aan die mense is só, dat dit 'n antwoord vra: „ . . . . het vertrouwen in Zijne genadegift, m.a.w. de daad des geloofs". [51]). Daarom is die verkondiging van die Kerk 'n „woord uit geloof tot geloof". So is die verkondiging die lewensfunksie van die Kerk. Dit is m.a.w. só eie aan die openbaring dat dit die Kerk só in aansyn roep, dat die lewe van die Kerk daaruit bestaan dat die Kerk die openbaring moet ververkondig.

Vir die Kerk is die openbaring wat verkondig moet word die enigste werklike sinvolle en singewende gebeure. Omdat die Kerk die openbaring moet verkondig daarom en daarom alleen, moet die Kerk se verkondiging sinvol wees. Hierdie verkondiging geskied altyd in menslike taal. En daarom is die vraag na die belangrikheid van die taal met die oog op die sinvolheid van die Kerklike verkondiging vir die Kerk in die uitvoering van sy opdrag beslis nie van sekondêre nie ,maar wel van primêre belang.

1) **Die agtergrond van elke taal.** [52]).

Elke nasie wat sy eie taal praat, het sy eie psigoliese struktuur kragtens ~~tens~~ die feit dat hy in sy eie land woon, sy eie geskiedenis het en gedra word deur sy eie kultuur en geestesbesit. In die ontmoeting met sy volksgenote en die ander is die eie taal die uitdrukkingsmiddel van die „eie" van elke nasie. Dit beteken dat die taal nooit as 'n geisoleerde grootheid beskou kan word nie. Die taal is die verstaansmiddel vir die persoon wat gebore en opgevoed is binne die verband van die nasie wie se taal hy praat. Die beteken dat by die gebruik van die moedertaal, die psigiesgeestelike aard en besit meespreek. Die taal van 'n mens kan dus nie losgemaak word van die agtergrond waaruit daardie mens stam nie. [53]).

Daarom gaan dit om oneindig veel meer as net die formele of grammatikale aangeleentheid wanneer ons oor die taalaangeleentheid praat as faktor wat 'n rol speel in die sinvolheid van die kerklike verkondiging Dit word duidelik uit die situasie in 'n land soos Sud-Afrika .

---

[50]) O. Weber, *Grundlagen der Dogmatik*, Bd. I, S. 213

[51]) P. J. Muller, *Handboek der Dogmatiek*, bls. 200.

[52]) Vgl. R. D. Coertze, *Ontwikkelingstempo binne die Bantoegebiede by Afsonderlike Ontwikkeling*, artikel in *Hervormde Teologiese Studies*, 16de Jaargang 1960, bl. 163.

[53]) Vgl. K. Heeroma, *Kerk en Taal, Jaarboek voor de Eredienst 1961/62*, bl. 6 (vv).

2) **Die taalaangeleentheid in Suid-Afrika:**

Suid-Afrika is 'n land waar daar 'n nasie gegroei het met sy eie taal en alles wat dit impliseer. Suid-Afrika is ook 'n land waar verskillende Bantoe-stamme in hulle beweging van Noord na Suid in aanraking gekom het met die Afrikanernasie wat as besliste deel van sy wording en groei in hierdie land, 'n beweging van Suid na Noord gehad het. Sedert 1820 het 'n aansienlike getal Engelstaliges hulle ook in hierdie land gevestig. Tot in die jongste tyd toe het ook nog groter en kleiner groepe andertalige immigrante die land binnegekom. So het Suid-Afrika ontwikkel tot 'n veeltalige land.

Dit word daagliks ervaar dat enerstaliges saamgroepeer op godsdienstige, sosiale heel dikwels ook op die party-politieke terrein. Dit is heeltemal verstaanbaar en val te verklaar uit die feit dat hulle wat dieselfde taal praat uit 'n gemeenskaplike geesteskilmaat kom. Hierdie mense groepeer saam om dat hulle mekaar nie ne tgrammatikaal verstaan nie, maar ook op grond van hulle gemeenskaplike agtergrond en herkoms mekaar psigies-geestelik begryp ondanks die onderlinge persoonsverskille wat daar mag wees.

3) **Aanpassing:**

In hierdie situasie is aanpassing tussen die verskillende taalgroepe gewoonlik 'n lang, meestal 'n moeitevolle en dikwels 'n uitgeslote moontlikheid. Dit val ook wel te verstaan as ons onder volledige aangepastheid verstaan dat 'n lid van een taalgroep die ander taalgroep psigies-geestelik so volkome begryp dat hy tenvolle opgeneem kan word in daardie ander taalgroep, so dat hy homself onvoorwaardelik een kan ag met daardie ander nasie wat die ander taal praat. Dit word geïllustreer deur die feit dat die kinders uit die huwelik tussen twee anderstaliges, gewoonlik opgevoed word binne die taal- en Kerk-verband van slegs één van die ouers.

4) **Die Skriftuurlike Eise:**

By hierdie taalsituasie is daar drie bybelse aspekte wat wel deeglik in die gehou moet word:

(a) Die evangelie kom altyd na mense toe. Dit is so 'n vanselfsprekenheid dat ons eintlik nie daaroor hoef te praat nie

(b) Maar omdat die evangelie tot mense gerig is, moet dit ook by daardie mense tuiskom. Daarom kom die prinsiepe van die verstaanbaarheid ter sprake.

Paulus stel hierdie vereiste in I Kor. 14:3 en 4. Die profetiese werk van die kerk moet geskied deur middel van 'n sinvolle woord in 'n verstaanbare taal. Dan word dit verrig tot opbou van die kerk. Hierby aansluitend meen ons uit Hand. 2:4 tot 12 te kan opmaak dat die Heilige

Gees, vir die verbreiding van die Evangelie, Hom wil bedien van 'n verstaanbare taal met sin, inhoud en trefkrag vir die hoorders. Dit ten minste is die eis wat Paulus stel in I Kor. 14:9. Dit moet egter goed verstaan word dat die verstaanbaarheid nie voorwaarde vir die geloof is nie, maar wel die moontlikheid van die geloof daarstel. [54]). Die geloof is die gawe van die Heilige Gees wat wel kan, maar blykbaar nie anders wil as Hom by die stigting en versterking van die geloof van 'n verstaanbare taal te bedien nie. [55]).

Hierby het die reformatore aangesluit. Bekend is die feit dat een van Luther se grootste take vir vertaling van die Bybel in die volkstaal was. Bekend is ook die bemoeienis wat hy gemaak het met die erediens in die taal van die volk. Trouens, die liturgiese hervorming van die reformasie het as grondslag gehad die eis tot verstaanbaarheid. Daarom is daar weggedoen met die stille misse en latyn as kerktaal by die erediens. En die verbaas gladnie dat die eis tot verstaanbaarheid op die reformatoriese erf altyd ernstig geneem is nie. Dit het gekom omdat die reformasie, ten einde te voldoen aan die eis van die Bybel dat Gods Woord gehoor moet word, die prediking as verstaanbare sinvolle woord weer in ere herstel het. Daarom het die taalverskil in die kerk van die kerkhervorming terwille van die verkondiging dan ook altyd besondere maatreels nodig gemaak.

(c) Die Evangelie eis die hele mens op: Hierby hoef ons eintlik net te verwys na Matt. 22:37: „Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand . . . ." Nogtans is dit goed om tog weer daarop te wys dat die Evangelie nooit in 'n lugleegte verkondig word nie, maar altyd aan die adres van mense gerig is. Hierdie mense is mense wat op 'n bepaalde plek, in 'n bepaalde tyd en onder bepaalde omstandighede lewe. Dit wil sê hierdie mense behoort tot 'n bepaalde nasie wie se taal hulle praat en verstaan. Die verkondiging wil altyd sulke mense in die totaliteit van hulle bestaan aanspreek. Daarom bedien die Evangelie hom by die kerklike verkondiging aan mense van die taal van daardie mense verstaan. Omdat die verstaan van die eie taal nie net 'n redelike aksie is nie, maar 'n handeling van die mens in die totaliteit van sy menswees en omdat die Evangelie die mens só as redelike, sedelike en emosionele wese wil opeis, gebruik die verkondiging die volkstaal van elke mens.

5) Wanneer die verkondiging van die Evangelie aan elke mens in sy eie taal gesien word in die lig van hierdie bybelse eise, dan kom ons tot die volgende slotsom : Wanneer die Evangelie ons tot geloof in God aanspreek, dan laat dit nie die spesifieke lewensituasie waarin ons ver-

---

[54]) Vgl. Karl Barth, *a.a.O.*, I/ 1, S. 477 f.
[55]) Vgl. Hand. 2:37-41.

keer, ophou om te bestaan nie. [56]). Dit is egter só dat ons nie weg van ons wêreld en ons menslike omgrensinge nie moet glo terwille van die wêreld.

Dat hierdie kosmos, die bewoonde wêreld, verskillende tale en nasies insluit, kan nie ontken word nie. Al wat egter hieruit af te lei is, is beslis nie dat die taalverskil bloot geïgnoreer kan of moet word nie, maar wel dit: Die kerk het 'n dubbele **verantwoordelikheid**! Die kerk moet toesien dat die Evangelie aan elke ander nasie in sy eie taal verkondig word en tweedens dat die kerk sonder meer verantwoordelik is vir die nasie van wie se taal die kerk hom bedien op grond van die feit dat die kerk onder daardie nasie bestaan en binne sy landgrense arbei.

6) Vir sover dit die gesproke woord van die verkondiging raak, het baie weinig mense hierteen beswaar, maar daar is wel baie mense w t van opinie is dat die boegenoemde argumente tog nie 'n veeltalige Avondmaalsviering kan belet nie. Daarom is dit nodig om ook kortliks te handel oor die rol van taal by die Avondmaalsbediening as gestalte van die verkondiging.

**Die Avondmaal is verkondiging:**

Die avondmaal is verkondigingsgestalte wat bedien word aan hulle wat reeds openbare belydenis van die geloof gedoen het. Volgens I Kor. 11 : 26 is die bediening en viering van die avondmaal 'n verkondiging van die dood van die Here Jesus Christus totdat Hy kom. Daarom gaan dit by die Avondmaal om die stigting en versterking van die geloof [57]). Dit beteken dat die avondmaal 'n kenmiddel is waardeur Jesus Christus Homself tot geloof aan Sy gemeente te kenne gee.

**Die verstaanbaarheid en die Avondmaal:**

By die instelling van die heilige avondmaal het Jesus Christus self die verstaanbare woord verbind aan die teken. Daarom wil ons hierdie sakrament omskrywe as woord plus teken. En wanneer één van hierdie momente verval, dan het ons dus nie meer die sakrament soos Jesus Christus dit ingestel het nie.

Die Woord plus teken waaruit die avondmaalsakrament saamgestel is, is die verklaringswoord van die teken wat deur die teken self bevetsig word [58]). Die verklaringswoord is sinloos as die teken nie daarop volg nie. Net so is die uiterlike teken sonder betekenis as die verklaringswoord nie daaraan voorafgaan nie. Daar is 'n onlosmaaklike verband tussen die instellingswoorde en die brood en wyn by die nagmaalsviering. Dit beteken dat die avondmaal nie gevier kan word met bood en wyn alleen en

---

[56]) Otto Weber, *a.a.O.*, S. 14.
[57]) Vgl. *Kort Begrip*, Vrae en Antwoorde 48-50.
[58]) Mat. 26:26 en 27; Mk. 14:22 en 23; Luk. 22:19 en 20.

sonder die instellingswoord of verklaringswoord nie. So kan die avondmaal ook nie gevier word met die verklaringswoord alleen sonder die uiterlike teken nie. Met ander woorde, die Here Jesus Christus gee Homself tot geloof te kenne aan Sy gemeente slegs wanneer woord en teken en hulle onoplosbare samehang saamgaan.

As nou nader omskrywe word wat bedoel word met die stelling dat Jesus Christus self die verstaanbare woord verbind het aan die sakramentsteken, dan kry ons tegelyk ook meer lig op die onderhawige probleem. Die dissipelkring was Arameessprekend en die Here het Aramees gepraat by die instelling. Die instellingswoorde sou by hulle verbygegaan het as hulle Aramees nie verstaan het in die sin waarin ons verstaan hierbo omskrywe het as 'n redelike, sedelike en emosionele begryp nie. Hulle sou nie daarby in die totaliteit van hulle menswees aangegryp gewees het nie as Aramees nie hulle eie taal was nie.

Dit kan enigermate geïllustreer word as ons net wys op die verskil in begrip van die instellingswoorde wat na die vertaling daarvan in die Grieks van die Nuwe Testament gevolg het. Só word die instellingswoorde deur die Rooms-Katolieke, Lutherane en Calviniste onderling heeltemal verskillend verstaan terwyl daar tog geen bybelse getuienis is dat dit met die dissipelkring by die instellingsgeleentheid die geval was nie. En juis om hierdie rede is dit absoluut noodsaaklik dat die kerk in sy verkondiging eerstens moet seker maak dat die Bybelwoord soos vervat in die oorspronklike tale heeltemaal reg begryp word en tweedens moet seker maak dat hy die verkondigingstaal gebruik wat deur sy hoorders die beste verstaan word sodat die gevaar van die misverstaan van die oorspronklike bedoeling van die Bybelwoord tot 'n besliste minimum beperk kan word.

Met die verstaanbare woord by die teken waaruit die sakrament bestaan, bedoel ons dat dit ook by die sakramentsbediening as gestalte van die verkondiging om meer as net 'n verstandelike verstaan moet gaan. Die avondmaalsviering mik op die versterking van die geloof waarby die gelowige in die totaliteit van sy bestaan aangeraak is en wil nie slegs een menslike fakulteit, nl. die verstand, raak nie. Die mens kan met sy verstand verstaan en tog nog toeskouer bly ten opsigte van daardie aangeleentheid. Maar wanneer hy glo dan kan hy nie toeskouer wees nie, maar dan is hy deelnemer omdat hy glo.

**Die Evangelie eis die hele mens op:**

Wanneer ons die sakramentsbediening prnisipiëel verstaan as verkondiging en nie in die eerste instansie as die 'aanduiding van 'n menslike toestand sien nie, dan spreek dit eintlik vanself dat ook die sakrament een elke mens in sy eie taal bedien moet word.

Hierdie feit kan op die volgende wyse nog nader verduidelik word: Hier moet ons net eers enkele van ons stellings saamvat:

(a) Die avondmaal stig gemeenskap wanneer dit bedien word volgens die instelling van Christus.

(b) Die bediening volgens die instelling van Christus beteken dat die sakrament moet bestaan uit twee momente, nl. die verklarende woord plus die uiterlike teken.

(c) Die gemeenskapstigting deur nagmaalsbediening geskied dus deur woord plus teken.

Wanneer mens nou hierdie stellings aanlê, dan word die gebeurtenisse in die Kongo gedurende die afgelope jaar in hierdie verband vir ons van illustratiewe waarde. Bekend is die Roomse opheffing van die verband tussen verklaringswoord en teken by die avondmaalssakrament. Verder is dit ook bekend dat waar daar nog sprake is van die woord by die teken, daar is dit nie die verklaringswoord wat ter sprake kom nie, maar wel die konsekrasie-formule in 'n taal (Latyn) wat vir die Kongolese onbegryplik was. En al was daar in die Kongo dan ook die daaglikse misse e.d.m. dan is daar tog nie werklik gemeenskap gestig nie. Dit word baie duidelik uit die geweldpleging teen priesters en nonne en die vernietiging van kloosters.

Ons meen dus te verklaar dat ook in gevalle waar die teken verbind word aan 'n taal wat nie ten volle begryp word soos die eie taal nie, daar ook nie werklik gemeenskap gestig word nie. Daarom wil ons dit ook stel dat om verskillendtaliges ongeag die taalfaktor te wil saambring aan een nagmaalstafel nie aanvaarbaar is nie. Dit is nie aanvaarbaar nie omrede die feit dat dit prinsipiëel besien, daarop neerkom, dat vir 'n hele aantal van die vierders, die avondmaal nie bedien word volgens die instelling van Christus nie. Vir sommige van die vierders beteken so 'n viering noodwendigerwyse 'n opheffing van die verband tussen verklaringswoord en teken omdat die avondmaal bedien word deur 'n medium wat hulle nie ten volle verstaan nie en gevolglik uitgesluit is uit die volle gemeenskap met die ander.

Daar moet nog op gewys word dat daar wel uitsonderings is ook sover dit die taalfaktor aangaan. Daar is naamlik baie goeie taalkundiges wat wel tot op baie groot hoogte die Evangeliebediening en sakramentsviering in 'n ander taal sal kan begryp. Maar die Here God laat sy Woord beslis nie net aan taaklundiges verkondig nie, maar aan die „ganse mensdom". En daar is beslis baie meer mense wat net hulle eie taal ken as die enkelinge wat werklik as taalkundiges kan kwalifiseer. Sommige mense praat bv. graag Frans en Engels terwyl dit in werklikheid niks anders is as die nabootsing van die klanke van Frans of Engels nie.

Wanneer ons die uitsonderings ook van toepassing maak op die kerklike situasie in Suid-Afrika en veral op 'n interkommunnie tussen blank

en nie-blank sal ons seker almal bereid wees om toe te gee dat enkele nie-blankes wel die verloop van so 'n erediens in Afrikaans sal kan volg en dat daar miskien wel werklike „avondmaalsgemeenskap" tot stand sal kan kom. Maar daarom kan die enkele nie-blankes tog nie opgeneem word in Afrikaanssprekende gemeentes nie. Die volgende oorwegings dien hierby in aanmerking geneem te word:

(1) So 'n verdeling van die nie-blankes in „geleerdes" en ongeleerdes as grond vir opname in die Afrikaanse gemeentes steun op geen bybels grond nie. Trouens, dit is die geloof en nie die geleerdheid wat kerklike oorweging verdien en by kerklike gemeenskap ter sprake kom.

(2) Die geleerde nie-blanke sal daarop gewys moet word dat mens nie weg van sy eie lewenssituasie af glo nie maar juis daarheen.

(3) Omdat die Kerk 'n besondere verantwoordelikheid het teenoor die volk wie se taal hy praat, sal die „geleerde" nie-blankes as hulle gelowiges is, gewys moet word op die onherroeplike verantwoordelikheid wat hulle het teenoor hulle mense ten opsigte van die Evangelie.

(4) Deur 'n verdeling van „geleerd" - „ongeleerd" aan te bring onder die geledere van die nie-blankes, sal die Evangelie nie verbrei nie, maar eerder geskaad word, omdat die Evangelie en veral die avondsmaalsviering dan baie maklik in die gedagtes van die ongeleerdes gebrandmerk kan staan as die spel van geleerde snobiste wat in hulle vlug na die ander toe hulle eie mense versaak.

(5) Met die oog op die taalverskil sal dit beslis veel eerliker wees as blanke en nie-blanke gemeentes selfstandig en gelykwaardig langs mekaar staan, sonder dat die een ondergeskik is aan die ander terwyl hulle mekaar adviseer en vir mekaar voorbidding doen.

Die taalfaktor maak dit in die lig van voorgaande betoog noodsaakilk dat aan elke mens in sy eie taal die Evangelie verkondig en die sakramente bedien word. Daarom kan ons geen beswaar hê teen die egtheid en geldigheid van die verkondiging aan elke nasie in sy eie taal nie en gevolglik ook nie teen die bestaan van afsonderlike „kerke" vir die verskillende taalgroepe nie. Daarom beoefen die Nederduitsch Hervormde Kerk 'n ander werkwyse by sy heidensending as by die „inwendige", omdat hierdie kerk oortuig is daarvan dat hy slegs dan sinvol kan verkondig wanneer hy aan elkeen, in sy moedertaal, deur sy eie mense wat daardie taal ook as hulle moedertaal het, laat verkondig. Daarom skenk die Nederduitsch Hervormde Kerk aan die bantoekerk teologies-geskoolde Bantoe-evangeliedienaars en die stoflike moontlikhede vir die bediening van die woord.

## 4. SAMEVATTING.

Ons kerk wil met sy apostolêre werksaamheid onder die nie-blanke heidendom van ons land kom tot die vestiging van selfstandige, inhemese volkskerke onder die Bantoe. Kerke wat ten volle hulle verantwoordelikheid teenoor Jesus Christus, die Hoof en Heer van die Kerk én die Bantoevolk in wie se midde daardie kerk geplant is, aanvaar en uitleef. Op hierdie weg het ons kerk al heelwat gevorder vandat 'n doelgerigte begin gemaak is met hierdie apostolêre werksaamheid van die kerk. Dit sal miskien ook goed wees om 'n enkele oomblik, met 'n paar sinne, aan te dui hoe ver ons kerk reeds gevorder het.

Op die huidige oomblik het egter die Soeloeke k. wat verreweg die oudste van hierdie volkskerke is en wat hoofsaaklik in die provinsie Natal gevestig is en ook die Sothosprekende kerk, wat grotendeels in die provinsies Transvaal en Oranje Vrystaat gevestig is, nog nie een 'n volledig funksionerende kerklike organisasie nie. Die Soeloesprekende kerk het as meerdere vergadering slegs 'n Ringsvergadering terwyl die Sothosprekende kerk wel in 'n algemene Kerkvergadering, as meerdere vergadering, saamgesnoer is. Die Sothosprekende kerk het egter nog geen Ringsvergaderinge nie. In die geval van die Soeloesprekende kerk funksioneer die Ringsvergadering wél met ietwat meer bevoegdhede as wat normaalweg in ons kerk aan 'n Ringsvergadering toegeken word. Ontbrekend in beide kerklike organisasies is egter 'n omvattende kerkwet [59]; 'n eie teologiese opleiding vir dienaar van die Woord [60]; 'n beroepstelsel vir dienaars van die Woord soos dit in ons kerk bestaan [61]; volledige dis-

---

59) Hoewel dit die gebruik van Johannes Calvyn en die reformatoriese vadere was om onmiddellik 'n kerkorde vas te stel en aan te neem, al was daar nog slegs die begin van 'n selfstandige kerk-wees — soos in die geval van die Franse kerk in 1559 of die Nederlandse kerk in 1568 — is dié voorbeeld hier die nagevolg nie omdat geoordeel is dat 'n kerklike orde wat vir ons kerk goed is, nie noodwendig vir die Bantoekerke goed sal wees nie. Die belangrikste Skriftuurlike beginsels van die presbyteriaal-sinodale sisteem van kerkregering word egter wel in die Soeloe- en Sothosprekende kerke toegepas omdat geoordeel is dat langs daardie weg die Christokrasie in en van die Kerk die beste tot uitdrukking kom. Die opstelling van 'n omvattende kerkwet vir die Soeloe- en Sothosprekende kerk sal egter deur die betrokke kerke self gedoen moet word. Inmiddels word die kerkwet van ons kerk gebruik, vir sover dit toepasbaar is. Daar bestaan dus wel 'n duidelike orde in die kerk.

60) Op die huidige oomblik word die dienaars van die Woord en die evangeliste opgelei by die Universiteitskollege van die Noorte te Turfloop. Die werk word daar deur prof. dr. H. P. Wolmarans behartig in samewerking met dosente van die Ned. Geref. Kerk.

61) Die Sentrale Raad vir Evangelisasie onder Nie-christelike Volke het vroeër die plasing van ampsdraers in die verskillende Sotho- en Soeloesprekende gemeentes beheer. Tans word dié bevoegdheid uitgeoefen deur die Ringsrade vir Evangelisasie onder Nie-christelike volke wat dit, in oorlegpleging met die Kerkraadsvergaderings van die Soeloe- en Sothosprekende kerke doen. Waarskynlik sal met die ge'eidelike finansiële selfstandigwording van dié gemeentes, die beroepsbevoegdheid volledig in die hande van die betrokke Kerkraadsvergaderinge kom.

siplinerende en orde-handhawende bevoegdhede ten opsigte van die dienaars van die Woord [62]); en 'n eie, kerklike kantoor-sentrum om die administratiewe werk van die kerke te behartig [63]). Die uiterlike-geïnstitueerde kerklike organisasie, veral op die vlak van die meerdere vergaderinge en hulle bevoegdhede, is hier by die Soeloe- en Sothosprekende kerke nog in 'n beginstadium. Hoewel besluite van die bestaande meerdere vergaderings die leemtes op die oomblik nog oorbrug en die Woordverkondigende taak van dié kerke deur hierdie leemtes nie gestrem word nie, sal dit tog nodig wees dat ernstige aandag aan hierdie aangeleenthede gegee moet word [64]). Op die huidige stadium is dit egter duidelik dat die Soeloe- en Sothosprekende kerke nog in 'n afhanklike posisie staan ten opsigte van ons kerk en dit is veral waar op die finansiële vlak. Terwyl die werksaamhede daarop gerig is om hierdie afhanklikheid steeds te verminder, sal hier nie vinniger gevorder kan word as wat vir die Soeloe- en Sothosprekende kerke moontlik is nie. Dit het immers geen sin om die apostolêre taak van ons kerk ten opsigte van die Bantoe so oorhaastig deur te voer dat die Evangelieverkondiging onder die Bantoe as gevolg van daardie oorhaastigheid skade sal ly nie. Dit moet dus as normaal aanvaar word dat die bestaande Soeloe- en Sothosprekende kerke nog 'n geruime tyd van ons kerk afhanklik sal wees.

Waar die Soeloe- en Sothosprekende kerke wat die organisasie betref so afhanklik is van ons kerk, kom vanself die vraag na vore : Hoe word 'n kerk nou gestig? en ook : Hoe is 'n kerk onafhanklik en wanneer? [65]). Wat die „stigting" van die kerk betref, wil dit voorkom dat dit nie moeilik is om dié vraag te beantwoord nie. Die Bybelse-reformatoriese standpunt is hier dat waar die Woord en die Sakramente is, daar is die Kerk in dié sin dat die Kerk daardeur gekonstitueer word. Daarmee geskied terselfdertyd reg aan die Skriftuurlike aanwysing van Mt. 18:20 : „Waar twee of drie in my Naam vergader, daar is Ek in hulle midde" [66]). Die

---

62) Dit hang saam met die feit dat die Kerkraadsvergaderings nog nie volledige bevoegdhede ten opsigte van die beroep van Dienaars van die Woord het nie. Wel is die taak van opsig en tug aan die bestaande meerdere vergaderinge toevertrou. Die omskrywing van die orde wat by die by die uitoefening van hierdie taak gevolg moet word, moet egter ook nog gedoen word.

63) Voorlopig word hierdie taak nog deur ons kerklike administrasie behartig terwyl die Ringsrade ook heelwat van hierdie administratiewe werksaamhede ten behoewe van die Soeloe- en Sothosprekende gemeentes in hulle ressort behartig. Die gewone gemeentelike administratiewe werksaamhede word egter soveel as moontlik deur die Kerkraadsvergaderings van die Soeloe- en Sothosprekende gemeentes self gedoen.

64) Dit word egter voorsien dat met betrekking tot die opleiding van die Dienaars van die Woord dit nog 'n geruime tyd sal duur alvorens die Soeloe- en Sothosprekende kerke hierdie taak self sal kan behartig.

65) Vgl. hier ook: W. J. van der Merwe, *Die verband tussen ouere en jongere kerke in Suid-Afrika,* artikel in *N.G. Teologiese Tydskrif,* Kaapstad 1961, Deel II, bls. 65 vg.

66) Vgl. hier K. Barth, *Kirchlilhe Dogmatik*, Zürich 1955, Bd. IV/2. S. 792 f. waar hy hierdie teks as grondliggend vir die orde van die Kerk behandel.

„stigting" van 'n Kerk word dus prinsipieel nie gesien as 'n werk van mense nie, maar as 'n daad van Jesus Christus self wat as Hoof en Heer van sy Kerk op aarde self ook sorg vir die uitbreiding van sy Kerk op aarde. Daarby moet in rekening gehou word dat dié gemeente, waar die Woord reg verkondig en die sakramente na hulle instelling bedien word, waar Jesus Christus dus self teenwoordig is, die konkretisering op aarde is van die een, heilige, algemene christelike Kerk. Die kerk hoef dus nie gestig te word nie want dit is daar. Hierdie gedagte word duidelik verwoord in artikel I van die Kerkwet van ons kerk wat lui: [67]).

> Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, ooreenkomstig sy belydenis, openbaring van die een, heilige, algemene, Christelike Kerk . . . . "

Wat die formele, organisatoriese sy van die selfstandigheid van die Soeloe- en Sothosprekende kerke betref, bestaan 'n gemeente of is dit gestig op dié oomblik wanneer 'n wettige kerkraad van ampsdraers vir die gemeente gekies of aangestel is. Met ander woorde wanneer die moontlikheid gegee is dat die Woord reg verkondig sal word en die sakrament na hulle instelling bedien sal word en daar ook 'n liggaam is wat die orde in die gemeente sal bewaar. Vir die selfstandigheid word 'n meerdere vergadering nie as voorwaarde gesien nie aangesien 'n meerdere vergadering nié 'n **hoër** vergadering is nie maar slegs 'n vergadering wat in beginsel 'n uitbreiding is van 'n Kerkraadsvergadering in so verre dit meerdere verpligtings, 'n wyere diensopdrag het. Die samestelling van 'n sinodale vergadering sal egter vir die geestelike selfstandigheid en vir die handhawing van die kerklike opsig en tug wel van belang wees, maar dit hoef nie as 'n voorwaarde vir selfstandigheid gestel te word nie. Die primêre vereiste van die selfstandigheid naamlik die regte verkondiging van die Woord en die bediening van die Sakramente na hulle instelling, is gegee met die totstandkoming van 'n gemeente met sy wettig verkose Kerkraadsvergadering. So 'n gemeente sal voldoen aan die **notae ecclesiae** wat deur die reformatoriese teologie daaraan gestel word [68]).

Die tydelike afhanklikheid van die Soeloe- en Sothosprekende kerke van ons kerk, soos hierbo uiteengesit, sal die selfstandigheid ten opsigte van die Woordverkondiging, die sakramentsbediening en die handhawing van die opsig en tug [69]) nie kan neutraliseer nie aangesien die toevallige

---

67) Met artikel I in gedagte moet artikel III ten opsigte van die stigting van volkskerke gelees word.

68) Vgl. hier artikel 29, *Nederlandse Geloofsbelydenis*

69) Al strek die handhawing van die opsig en tug nog nie uit tot al die ampsdraers in die Soeloe- en Sothosprekende kerke nie, behoort en kan dit eintlik die selfstandigheid van dié kerke nie aantas nie. Immers Calvyn het eers onder die invloed van Bucer toegegee dat die handhawing van die tug 'n *nota ecclesiae* is maar terselfdertyd gestel dat dit nie van dieselfde draagkrag is as die ander *notae* nie.

omstandighede nie die draagkrag van die prinsipiële oorwegings wat hier geld, kan verswak nie. Die Soeloe- en Sothosprekende kerke wat ontstaan het as gevolg van die apostolêre werksaamhede van ons kerk is prinsipieel selfstandige kerke omdat daardie kerke self die Woord van God verkondig, dit bely en daarna lewe [70].

Dit is dus duidelik dat tussen ons kerk, wat die sendende kerk was en is en die Soeloe- en Sothosprekende kerke wat as gevolg van hierdie apostolêre werksaamheid ontstaan het, daar geen wesenlike verhoudingsprobleme hoef te wees nie. In die lig van die Nederlandse Geloofsbelydenis [71]) is dit duidelik dat daar net één Kerk is naamlik die heilige vergadering van ware gelowiges wat vanweë die eenheid van Jesus Christus en die eenheid van geloof en leer, uiteraard een is. Omdat hierdie eenheid gegee is, maak die toevallige skeidende faktore soos taal, kultuur, afstand [72]) die selfstandige, eie organisasie en dergelike meer, geen werklike verskil aan die gegewe eenheid wat primêr geglo en bely word [73]). Die hele volkskerk-gedagte, of om dit anders te stel : 'n kerk van Jesus Christus in 'n bepaalde volk terwille van daardie volk sodat die Evangelie deur daardie volk gehoor en geglo kan word, bots nie met die gedagte van die eenheid met die Kerk wat deur die Bybels-reformatoriese teologie na vore gebring word nie. Vanweë die feit dat die Soeloe- en Sothosprekende kerke ontstaan het omdat ons kerk sy apostolêre taak uitgevoer het en bly uitvoer en daardie apostolaat volvoer is vanuit die geloofs- en leerstandpunt van ons kerk, het die Soeloe- en Sothosprekende kerke ook dieselfde geloofs en belydenisinhoud as ons kerk. Terwyl dit so is, kan daar oor die wesenlike eenheid van die selfstandig-georganiseerde kerke wat dieselfde geloofs- en leerinhoud het nie getwis word nie tensy Kerk en Koninkryk met mekaar verwar word.

Die opmerking van prof. W. J. van der Merwe [74]).

> „Hoewel verskille van taal, kultuur en volksverband die konstituering van aparte kerke wenslik mag maak, moet hierdie kerke ook hulle wesentlike eenheid tot openbaring laat kom. Dit is onskriftuurlik en ongereformeerd om te beweer dat die eenheid van die kerk wat om taalkundige en kulturele redes reeds pluriform is, maar een belydenis as grondslag het, alleen as 'n onsigbare eenheid in Christus moet bestaan".

---

70) Artikel 29, *Nederlandse Geloofsbelydenis*.
71) Artikels 27, 28 en 29 *Nederlandse Geloofsbelydenis*.
72) Dit is opmerklik dat diegene wat hewige besware daarteen het dat *die taal* meebring dat daar selfstandige kerke is, géén beswaar daarteen het dat *afstand* 'n vanselfsprekende skeidende faktor is nie. Dit toon dat die beswaarmakers geen prinsipiële argumente kan voer of waardeer nie.
73) Vgl. in hierdie verband ook K. Barth, *a.a.O.*, Bd. IV/1, S. 749 f.
74) W. J. van der Merwe, *a.w.*, bls. 77.

is hier hoegenaamd nie aanvaarbaar nie. In die eerste plek natuurlik omdat die belydenis van die Kerk in die Bybels-reformatoriese teologie nie aanvaar word as die grondslag van die Kerk nie. Daarby kom dat Van der Merwe se stelling juis aantoon dat hy geen helderheid het oor die vraag waar die eenheid van die Kerk, volgens die Bybels-reformatoriese teologie, geleë is nie. Dit is wel duidelik dat om die eenheid van die Kerk te verstaan dit nie nodig is om terug te val na die leer van die sigbare en die onsigbare Kerk (wat uiteraard één Kerk is) nie. Die objektief-gegewe eenheid in Christus Jesus, die waarheid en die leer word 'n sigbare eenheid in die eenheid van die geloof soos verwoord in die belydenisskrifte en die liefde tot God en mekaar. Daarom is 'n uiterlike demonstrasie van die eenheid vir die Kerk nie nodig nie. Dit word alleen nodig as die begrippe Kerk en Koninkryk, tyd en ewigheid, God en mens verwar word. Van veel groter waarde is in hierdie samehang die opvatting van J. Beckmann [75]:

> „Die Einheit der Kirche ist allein durch die Genademittel Christi bestimmt. Was die Kirche wesenlicht konstituiert, ist auch für ihre Einheit konstitutiv. Sonst nichts. Darum is zur ‚wahren Einigkeit der Kirche', d.h. zur vollen Kirchengemeinschaft der Christen nichts anderes notwendig als Einheit in der Predigt des Evangeliums und der Verwaltung der Sakramente : also die Ubereinstimmung in der Botschaft von Jesus Christus, wie sie in der Predigt und in Taufe und Abenmahl geschieh. Besteht hierin Eintracht wird daselbe Evangelium von Jesus Christus verkündigt, werden dieselben Sakrament verwaltet, und zwar gemasz ihrer Stiftung durch den Herrn, so bedarf es keiner weiteren Einrichtungen oder Ordnungen, um die Einheit der Kirche festzustellen. In der Einmütigkeit der Verwaltung von Wort und Sakrament tritt die Einheit der Kirche ans Licht. Mehr und anderes bedarf es nicht.
>
> Gewisz kann man sich in der Kirche über vieles sonst noch einigen oder verständigen. Aber notwendig ist das nicht. Und darum darf es niemand fordern. Weder die Einheit der Ordnung, noch der Leitung der Kirche noch der gottesdienstlichen Zeremonien ist für die Einheit der Kirche notwendig. Den hier hat der Herr seiner Kirche nichts verbindlich angeordnet — sondern es in die Freiheit des Glaubens seiner Jünger gestellt, in der Kirche Anordnungen zu treffen im Dienst am Evangelium — als menschliche Anordnungen und nicht als Göttliche Gezetse für die Kirche. Darum wird

---

75) J. Beckmann, *Die Einheit der Kirche nach reformatorischer Lehre,* artikel in *Von Einheit und Wesen der Kirche,* Göttingen 1960, S. 16-17.

die Einheit der Kirche nicht gestört, wenn eine Kirche Synodal, eine andere bischöflich geordnet und geleitet ist. Sie wird nicht gestört, wenn die Liturgien verschiedene sind, wenn es in der eienen andere Sitten und Gebräuche gibt als in der anderen. Die Einheit der Kirche erfordert auch keineswegs eine einheitliche Regierung und ein einheitliches Gesetz, geschweige denn eine einheitiiche Hierarchie, da nichts von alledem van Christus eingesetzt oder gefordert ist. Nur eines wurde von ihm für alle gefordert : dasz sie eienander so lieben, wie er sie geliebt hatte. Denn **daran** würde die Welt erkennen, dasz sie seine Jünger seien."

Die vraag of ons, terwille van die inheemse-wording van die kerk onder die Bantoe, **volkskerke** mag stig, word deur Beckmann beantwoord. Maar voordat volledig met sy opvatting volstaan word, kan dit tog waarde hê om slegs 'n oomblik te oorweeg waarom dit gaan vir ons kerk met sy apostolêre werksaamheid terwille van die Bantoe. Dit moet so gesien word dat hierdie werksaamheid niks meer en niks minder wil wees as die vertaling van die waarheid van die Evangelie sodat die Bantoe die Evangelie so sal hoor en glo dat hyself, deur die Heilige Gees van God daartoe gelei, sal bely dat Jesus die Christus is. In hierdie vertaling van die waarheid van die Evangelie sal gebruik gemaak kan word van alle middele wat daar is om die Evangelie self te laat spreek. Daarom is dit 'n absolute vereiste dat die Evangelie, vertaal in die taal van die hoorder, na die heiden sal kom. Daarby moet die vereiste gestel word dat dit 'n sinvolle verkondiging van die Evangelie sal wees [76]) of om dit in die taal van die Nederlandse Geloofsbelydenis te stel dat die Evangelie reg verkondig sal word. Só verkondig sal word dat dit die opbou van 'n christelike gemeenskap in die heidense (Bantoe-) omgewing as sy vanselfsprekende gevolg het. Hier lê juis een van die grootste tekortkominge en struikelblokke ten opsigte van die Evangelieverkondiging soos dit in die verlede en in die hede onder die Bantoe geskied het. Die genootskaplike sending van die vorige eeu het dit nooit ten doel gehad om 'n Christusbelydende gemeenskap in die heidense omgewing te vestig nie. Daar was slegs die doel om die enkelinge te „bekeer" en om in en om die sendingstasie 'n groep te versamel wat buite die gemeenskap gestaan het waaruit hulle gekom het. Daardie enkelinge is nie opgeneem in 'n Christusbelydende gemeenskap wat self 'n apostolêre taak het, wat uiteindelik self die werk van die sendeling sou oorneem nie. Dit is nie raakgesien dat die Christus-belydende gemeenskap 'n opdrag tot apostolêre werk-

---

[76]) Dit is natuurlik moontlik dat die Evangelie nie reg onder die Bantoe verkondig sal word nie. Daardie moontlikheid moet aanvaar word en mee rekening gehou word dat die Evangelie gebruik is en gebruik kan word om byvoorbeeld die ideologie van die Franse Rewolusie of van die Kommunisme van Moskou en Peking te verbrei.

saamhede het nie en dat hulle in die heidense gemeenskap moet staan terwille van daardie heidense gemeenskap opdat elke knie voor Jesus Christus sou buig. Omdat die ander weg gevolg is het die genootskaplike sending, naas al die ander goeie werk wat hulle gedoen het, hopeloos gefaal om 'n inheemse kerk in die heidendom te vestig en het die bekeerlinge nooit verder gekom as tot 'n afhanklike aanhangsel van die betrokke sendinggenootskap nie [77]. Dieselfde fout, op 'n effens ander vlak, word gemaak deur dié kerke wat meen dat die kerk nie nodig het om inheems onder die bantoe te word nie. Omdat die sendende kerk in Suid-Afrika is, word geoordeel dat die kerk inderdaad inheems is en word die taak van die kerk nie anders gesien as die opneem en uitbou van die bestaande (blanke) kerk onder die nie-blanke, Bantoe-heidendom nie [78]. Die faktore van taal, kultuur en volksverbondenheid word volkome negeer en hoewel dit tot diskriminasie lei teen die nie-blanke word dit nie as belangrik geag nie. Die gewete word gesus met die gedagte dat integrasie as vanself alle vorms van diskriminasie sal uitskakel. Die probleem van die inheemswording van die kerk onder die Bantoe bly daarmee egter onverminderd voortbestaan aangesien die bekeerde heiden-Bantoe opgeneem word in die sendende kerk wat na inhoud en vorm reeds sy beslag gekry het. Die moontlikheid vir die Bantoe-christen om 'n skeppende bydrae tot die inhoud of vorm van die kerk te lewer word uitgeskakel sodat die kerk wesenlik vreemd vir en teenoor die Bantoe-lidmaat bly.

Daarteenoor moet met klem gestel word dat die inheemswording van ons Soeloe -en Sothosprekende kerke vir ons kerk in die uitvoering van sy apostolêre taak van primêr belang is en moet bly. Dit geskied nié vanweë menslike oorwegings nie, maar word verder duidelik as die gebod tot naasteliefde sorgvuldig nagegaan en op hierdie situasie betrek word. Hierin sal egter gewaak word teen die vreemdsoortige opvatting van die gebod tot naasteliefde wat in ons tyd nogal dikwels gehoor word. Reeds met die Cottesloe Beraad van Desember 1960 is die saak van die naasteliefde baie sterk op voorgrond geplaas. Die uitleg wat indertyd gegee is het daarop neergekom dat die christelike blanke in ons land alles wat hy besit en verwerf het ook aan die christelike en nie-christelike nie-blanke van ons land moet gee. Dit sou dan beteken : stemreg vir die nie-blanke in dié blanke gebiede; die reg om grond in die blanke gebiede te besit; die geleentheid om in die blanke gebiede dieselfde werkgeleenthede as die blanke te kry en dergelike meer. Naasteliefde sou dus in ons situasie maatskaplike, politieke en kerklike integrasie van die blanke en nie-blanke

---

[77]) Basies is dit ook die probleem waarmee die N.G. Kerk in ons land nog worstel en en verklaar dit ook waarom die sendingwerk van die N.G. Kerk in steeds groter mate geestelike, finansiële en administraatiewe hulp van die „moederkerk" nodig het.

[78]) In wese is dit die sendingopvatting van die roomse en ook die anglikaanse kerke.

beteken. Dit nieteenstaande die feit dat dit die einde van die voortbestaan van die blanke sou beteken. Volgens die Cottesloe Beraad was dit die belangrikste en onverbiddelike eis wat die Woord van God aan die blanke en die blanke kerke in Suid-Afrika stel.

Alvorens hierdie uitleg aanvaar word, moet daar enkele oomblikke stilgestaan word by die Bybelse gebod van liefde tot die naaste en moet, op vlugtige wyse, die Bybelse implikasies onder oë gesien word. As die Bybelse begrip **liefde** nagegaan word, dan is dit onmiddelik dudielik dat die nié 'n gevoel of 'n affeksie is nie maar 'n daad. Wat die inhoud en omvang van hierdie daad is,word duidelik as daarmee rekening gehou word dat die Openbaring van God in Jesus Christus, die liefde, as daad van God, is. As daar dus oor die liefde ,in die Bybelse sin van die woord gepraat word, ten opsigte van die mens-medemens-verhouding dan moet vooropgestel word dat die mens van nature, hierdie liefde nie ken nie maar alleen die erotiese liefde wat 'n menslike gevoel of affeksie is. Dit verminder die werklikheid van die Bybelse begrip van die liefde nog nie, dit beteken egter dat die mens oor hierdie liefde alleen kan praat vanuit die werklikheid dat God die mens eerste liefgehad het en dat die mens, in antwoord op Gods daad-liefde, God liefhet én sy naaste. Om God lief te hê beteken egter nie om 'n gevoel of affeskie van liefde teenoor God, die Here, te koester nie maar om God te soek om Hom gehoorsaam te wees. Hiervandaan kan ons nou handel oor die naasteliefde. Die eerste vraag wat na vore kom, is die vraag wie die naaste is. Die korrekte antwoord kan ons alleen vanuit die H. Skrif en die Kerk vind en nie vanuit die sosialistiese etiek van ons tyd nie. Om hier helderheid te kry, kan ons op die gelykenis van die barmhartige Samaritaan let. Dan is die opvallende dat dié een wat barmhartigheid bewys nie die Jood nie, maar die Samaritaan is. As dit so is, dan is dit wel duidelik dat die naaste diegene is wat 'n weldaad aan my bewys. Die naaste is dus 'n duidelike-herkenbare persoon en nie sommer maar net 'n naamlose indiwidu uit 'n groep of 'n volksdeel of volk assodanig nie. Die verdere vraag is nou : watter weldaad bewys die indiwiduele Bantoe aan my as 'n gelowige? Die antwoord hierop is andermaal tweeledig. Enersyds is die heiden-Bantoe vir my 'n teken en herinnering aan die sondige vlees waaruit ek, as gelowige, deur die Kruis van Jesus Christus, verlos is. Andersyds is die heiden-Bantoe vir my as gelowige 'n teken en herinnering van Gods soekende liefde. Vanweë hierdie weldaad wat die heiden-Bantoe aan my, as gelowige, bewys, is dit nodig dat teenoor hom die naasteliefde **as daad,** sigbaar sal word. Hierdie naasteliefde word egter primêr daardeur bepaal dat vir die gelowige 'n geleentheid geskep word om Gods lof te sing vanweë sy liefde wat Hy aan die gelowige bewys het Daarom word in die praktiese naasteliefde as daad, die erotiek teruggedring en val die klem op die daadwerklike optrede naamlik dat die gelowige dit aan die

heiden-Bantoe sal gee en gun waaruit hyself lewe en dit is die Woord van God, die Evangelie van die verlossing van die sonde en die dood. Só sal die gelowige en die kerk die gebod om eers die Koninkryk van die hemele te soek, sorgvuldiger gehoorsaam wees in samehang met die liefdesgebod as langs die oppervlakkig-etiese weg wat deur die Cottesloe Beraad aangedui is. Die gebod tot naasteliefde sal egter nie net inhou dat aan die Bantoe die Woord van God verkondig word nie, maar daar moet ook aan die Bantoe die geleentheid gegun word om in gehoorsaamheid aan die Woord te lewe. Dit kan alleen beteken dat ons kerk, as sendende kerk, sy hele apostolêre werksaamheid daarop moet rig dat die Evangelie in die heidendom 'n eie gestalte kry. Dit geskied wanneer selfstandige, inheemse kerke onder die Bantoe tot stand kom wat self op sy beurt weer apostolêr binne die Bantoevolk werksaam is. In hierdie rigting moet die apostolêre werksaamheid van ons kerk, wil dit Bybels-verantwoord wees, doelgerig bly beweeg.

Voordat die inheemse kerke onder die Bantoe egter volledig, administratief en finansieel onafhanklik sal kan wees, sal daar onvermydelik 'n periode wees soos tans waar die Soeloe- en Sothosprekende kerke deur ons kerk gedra en gehelp word. Hierdie hulp sal egter, prinsipieel gesien, steeds minder word totdat dit ook volkome ophou. Van die begin af sal hierdie Soeloe- en Sothokerke ook geleer moet word dat dit nié die bedoeling is dat hulle 'n nie-blanke replika en aanhangsel, op geestelike en finansiële en administratiewe gebied, van ons kerk sal word nie. Ook sal ons daarmee rekening moet hou dat dit hoogs waarskynlik is dat die Evangelie 'n ander gestalte onder die nie-blanke sal kry, dat hulle hulle gehoorsaamheid aan Jesus Christus en sy Woord ook anders sal verwoord en uitleef as wat dit by ons die geval is. Dit hoef egter geen bekommernis by ons te wek nie solank die Woord reg verkondig en die sakramente na hulle instelling bedien en die opsig en tug gehandhaaf word. Miskien sal die enigste **nota ecclesiae** wat deur Karl Barth aanvaar word naamlik dat die kerk om Kerk te wees ten volle sy apostolisiteit moet verdiskonteer, hier ook in berekening gebring moet word [79]).

Op hierdie wyse en langs hierdie weg kan ons kerk artikel III van ons Kerkwet uitleef — as 'n riglyn vir ons apostolêre taak onder die nie-christelike Bantoe in ons land en om ons heen. So sal die kerk daarvan bewaar word om Kerk en Koninkryk, tyd en ewigheid, die aarde en die hemel, mens en God te verwar en te vermeng. Deur te hou aan artikel III sal die kerk in die situasie waar in hy geplaas is, volledig reg laat geskied aan sy opdrag om die Evangelie uit te dra aan alle volke en nasies en tale sodat almal, in sy eie taal, sal hoor van die wonders van God om dan self onder sy eie mense, as enkeling en kerk, 'n getuie

---

[79]) K. Barth, *a.a.O.,* Bd. IV/1, S.. 797 f.

van die Evangelie van Jesus Christus, die Verlosser van die sonde, te wees. So sal die Evangelie op 'n ordelike, verantwoorde wyse sy loop neem in Afrika en sal dit duidelik wees v r ons en die heidendom dat dit in die uitvoering van sy apostolêre taak dit vir die kerk nie gaan om die verbreiding van allerlei menslike ideologieë nie maar alleen om die regte verkondiging van die Evangelie van Jesus Christus . Alleen as die kerk dit doen sal hy sy taak ook volvoer en 'n getroue deurwagter wees vir almal wat geroep word om in te gaan in die Koninkryk van God.